Hierdie Reënboog-Werkboeke vir die Resepsiejaar (Graad R) maak deel uit van die Departement Basiese Onderwys se strategie om Suid-Afrikaanse kinders se skoolprestasie 'n hupstoot te gee. Navorsing toon dat kinders wat voor Graad 1 aan stimulerende aktiwiteite blootgestel word, deur hul primêre en sekondêre skooljare heen akademies beter presteer. Daarom fokus die Departement so sterk op leer in Graad R.

Die Grondslagfase-kurrikulum verg dat Graad R-leerders die geleentheid moet ontvang om die vaardighede wat hul aanleer van lees, skryf en Wiskunde voorafgaan, te ontwikkel, en identifiseer die vaardighede wat hulle nodig het om die vaste opvoedkundige grondslag te verkry waarop hulle in Graad 1 en sal kan voortbou.

Die Graad R-Werkboeke is dus daarop gemik om kinders te help om die vaardighede en sleutelbegrippe te ontwikkel wat hulle nodig het om 'n stewige grondslag vir leer te vestig. Die boeke is propvol geleenthede vir kinders om die vaardighede wat hulle op formele skoolopleiding sal voorberei, te ontwikkel en in te oefen.

Voordat kinders formeel leer lees, het hulle nodig om te leer hoe om 'n boek vas te hou en die bladsye om te blaai. Hulle moet verstaan hoe boeke werk. Hulle moet die verhouding tussen die woorde en die prente in 'n boek leer ken, en besef dat woorde op 'n bladsy uit klanke bestaan en betekenis het. Net so moet hulle, voordat hulle leer skryf, hul fyn motoriese koördinasie ontwikkel en begin oefen hoe om vorms op papier te maak. Van daar af moet hulle tot die vorming van letters oorgaan. Dit is juis hierdie vaardighede wat die Werkboeke wil ontwikkel.

Ons weet almal dat kinders nie teen dieselfde pas leer nie. Die Graad R-Werkboeke maak dit vir onderwysers moontlik om teen leerders se individuele pas te werk, en om waar nodig vorentoe en agtertoe in die boek te werk volgens elke kind se unieke ontwikkeling. Die aktiwiteite sal onderwysers ook help om struikelblokke te identifiseer wat kinders in hul leerproses mag ervaar, sodat sulke struikelblokke oorkom kan word voordat die kind sy of haar formele skoolloopbaan aanpak.

Die Werkboeke integreer die onderrig van Huistaal, Wiskunde en Lewensvaardigheid oor 20 temas heen. Jong leerders se belangstelling word op prettige, boeiende wyses vasgevang. Ons hoop dat u leerders dit sal geniet om die Werkboekaktiwiteite deur te werk namate hulle groei en leer, en dat u, as hul onderwyser, hul genot sal deel.



Mev. Angie Motshekga,
Minister van Basiese Onderwys



Mnr. Enver Surty,
Adjunkminister van Basiese Onderwys

Rainbow WORKBOOKS

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE R – BOOK 1
TERM 1
ISBN 978-1-4315-0690-3
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.

9 781431 506903

a b c d e f g h i j k l m n o p q r s t u v w x y z

Hersien volgens die KABV

# Graad R
# WERKBOEK 1


Naam: Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WERKBOEK IN AFRIKAANS

Boek 1

Kwartaal 1








Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa



© Department of Basic Education



Third edition published in 2015

ISBN 978-1-4315-0690-3



The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

**This book may not be sold.**

# Graad R

**GEÏNTEGREERDE**
- HUISTAAL
- WISKUNDE
- LEWENSVAARDIGHEID

# werkboek


1 Alles oor my ........................ 2

2 In die klaskamer ........................ 12


3 My liggaam ........................ 22

4 Ek leef gesond ........................ 32

5 My maats ........................ 42




Die instruksies vir die uitknipsels is agter in die boek.





**Aan die opvoeder:**
Leerders moet genoeg geleentheid kry om aktiwiteite prakties te oefen voordat hulle die aktiwiteite skriftelik voltooi. Byvoorbeeld:

- Indien leerders die regte antwoorde moet omkring, word daar aanbeveel dat hulle eers 'n merker op die regte antwoorde moet plaas. U as opvoeder kan die antwoorde dan kontroleer en die leerders herhaaldelik die geleentheid gee om dit te oefen. Sodra leerders die aktiwiteit bemeester het, kan hulle dit skriftelik voltooi.
- Indien dit 'n "**trek na**"-opdrag is, laat die leerders dit eers met hulle vingers natrek voordat hulle dit skriftelik doen.

**Let wel:** Leerders verkeer in verskillende ontwikkelingstadiums. Indien u leerders se fyn-motoriese vaardighede nog aandag geniet, word aanbeveel dat u leerders waar nodig die geleentheid gee om die betrokke aktiwiteite in hulle blanko A4-klaswerkboeke te oefen.




AFRIKAANS

Boek 1

Kwartaal 1


# Alles oor my







My naam is:





Ons doen

Is jy 'n seun of 'n meisie?
Plak 'n merker op die regte woord.

Ek is 'n seun.

seun



meisie


Ek is 'n meisie.



Ons doen Teken 'n prent van jouself.

My naam is:

Ons doen Kleur die korrekte aantal kersies in om te wys hoe oud jy is.



Hoe oud is jy?

Ek is | 5 | 6 | 7 | jaar oud.

Onderwyser: Teken ______ Datum ______




Ons skryf


Plak die plakkertjies op die regte plekke.
Trek die lyne eers met jou vinger en dan met 'n stuk kryt na.

Plak die plakkertjies op die regte plekke.


Help die seun om sy fiets te kry.




Help die meisie om die bal te skop.




Trek die toutjie tot by die vlieër na.



Bestuur die motor skool toe en weer terug huis toe.





Vir bykomende oefening kan leerders hul lyne 'n paar keer met verskillende kleure natrek.



1.4



# Hoeveel ek weeg



Ons skryf

kg

# Hoe lank ek is





cm



Ons skryf Trek 'n kruisie in die regte blok.

# Die kleur van my oë



# Die kleur van my hare





Plak die plakkertjies op die regte plekke.



Ons doen Plak 'n sterplakkertjie in om te wys wat jy graag doen.

## Ek hou daarvan om:

te dans




'n storie te lees



met my maats te speel



met 'n bal te speel





dinge met blokkies te bou



te sing





Ons skryf

Teken 'n prentjie om te wys wat jy graag doen.



My naam is:

Onderwyser: Teken


Datum

1.7

My naam is:


Ons skryf

Kies die prentjies wat by mekaar pas.




Ons tel

Omkring die blokke waarin daar net 1 item is.
Klap jou hande een maal vir elke item wat jy sien.



Oefen die syfer 1.



# 2 In die klaskamer

Plak die plakkertjies op die regte plekke.


Ons skryf

Kyk na die prent en gesels oor alles wat die kinders doen.
Wat doen jy graag?




My naam is:






Ons skryf


Teken toutjies vir die ballonne.
Watter ballon het die kortste toutjie?
Watter ballon het die langste toutjie?






Kleur die ballonne rooi, geel, groen en blou in.








## 2.2



**Ons skryf** Soek die gesig wat dieselfde gevoel as die eerste gesiggie wys.










**Ons doen** Waarheen kyk hierdie seun? <u>Moenie jou kop beweeg nie</u>, maar beweeg jou oë totdat jy in dieselfde rigting as die seun kyk.



Onderwyser: Teken ______ Datum ______

2.3




**Ons tel**

Omkring die blokke waarin daar 2 items is.
Klap jou hande twee maal elke keer wanneer jy 2 items sien.




Oefen die syfer 2.





2.4




**Ons skryf** Kleur 2 items in elke ry in.











My naam is:

Onderwyser: Teken ____________ Datum ____________



Ons doen


Wat is daar in jou skoolsak?
Plak die plakkers in om die sak te pak.



uitveër




skerpmaker



kryt

potlood



Ons skryf

Skryf jou naam
op die skoolsak.


Plak die plakkertjies op die regte plekke.




Ons skryf

Plak die plakkertjies op die regte plekke. Trek die lyne eers met jou vinger en dan met 'n stuk kryt na.


Help die by om sy korf te kry.



Help die padda om die dammetjie te kry.




Help die voël om sy nessie te kry.



Help die boot om by die eiland uit te kom.





Vir bykomende oefening kan leerders hul lyne 'n paar keer met verskillende kleure natrek.

Onderwyser: Teken ______ Datum ______

2.7



Ons doen

Plak 'n sterplakkertjie in om te wys wat jy graag by die skool doen.

Plak die plakkertjies op die regte plekke.

## Ek hou daarvan om:

te verf



te teken




saam met 'n maat skool toe te stap



'n storie te lees



te tel



prente uit te knip





## Ons skryf

Teken 'n prent om te wys wat jy graag by die skool doen.



My naam is:


Onderwyser: Teken ____ Datum ____

# 3 My liggaam




Ons praat

Kyk na die prent en gesels oor wat die kinders alles doen.



Plak die plakkertjies op die regte plekke.






Ons praat

Wys na jou kop, skouers, knieë en tone.
Wys nou waar die seun in die prent se kop, skouers, knieë en tone is.
Van watter liggaamsdele het jy net een?
Van watter liggaamsdele het jy twee?



My naam is:

Ons skryf

Wys na jou kop, arms, bene en lyf. Teken jouself.

Skryf jou naam en klap die ritme daarvan.

My naam is:







Ons skryf

Knip die arms en bene uit en plak hulle in om hierdie prentjie te voltooi. Kleur die prentjie dan in.









Ons sing



Klap, klap, klap!
Klippertjie kappertjie
kap, kap, kap.
Mondjie
happertjie
hap, hap, hap.
Voetjie skoppertjie
handjie klappertjie.
Happertjie
skoppertjie
klap, klap, klap.





Ons doen

Staan soos die seun en die meisie in hierdie prente.
Wys eers jou regterhand en dan jou linkerhand.
Stamp jou regtervoet en dan jou linkervoet.



3.4



My naam is:


meisie
voorkant
regterhand
linkerhand
regtervoet
linkervoet

## 3.5



Ons skryf


Plak die plakkertjies op die regte plekke. Trek die lyne eers met jou vinger en dan met 'n stuk kryt na.

Plak die plakkertjies op die regte plekke.


Help die baba om sy teddiebeer te kry.



Help die hond om sy been te kry.



Help Anita om haar boek te kry.




Help die baba om na haar ma toe te kruip.






Vir bykomende oefening kan leerders hul lyne 'n paar keer met verskillende kleure natrek.



## Ons skryf

Trek jou swak hand na en tel jou vingers.



Gebruik dan lipstiffie of verf om jou vingerafdrukke in die raampies te maak.

## 3.7




Ons doen Doen wat hierdie kinders doen.



# 3.8





My naam is:





Ons skryf

Omkring in elke ry die prentjie wat nie pas nie.
Sê vir jou maat waarom die prentjie nie pas nie.









Onderwyser: Teken ____________ Datum ____________

# Ek leef gesond

Plak die plakkertjies op die regte plekke.





Ons praat

Kyk na die prent en sê wat elke kind doen om skoon te bly.





My naam is:

Ons skryf

Trek die lyne na om uit te vind wat hierdie kinders doen om skoon te bly.



4.2


**Ons skryf** Teken 'n prentjie om te wys wat jy doen om skoon te bly.

My naam is:

My naam is:

Ons skryf

Kan jy die tandepasta in hierdie prentjie kry? Kleur dit rooi in. Trek die lyne na en tel hoeveel ander items jy kan sien.



Ons skryf

Knip die stukkies van die legkaart uit en pas hulle dan weer op die regte plekke inmekaar.



4.5

## 4.6




Knip hierdie prentjies op die stippellyne uit en plaas hulle dan in die regte volgorde.














4.7



My naam is:



Ons doen

Plaas die getalle in die regte volgorde.

| | |
|---|---|
| 1 | 1 |
| 2 | 2 |
| 3 | 3 |


4.8




Ons tel


Plak die plakkertjies op die regte plekke.
Tel hoeveel daar van elke item is.

Plak die plakkertjies op die regte plekke.






Oefen die syfer 3.



# 5 My maats



Plak die plakkertjies op die regte plekke.







Ons praat

Het jy 'n goeie maat?
Hoe moet 'n goeie maat wees?
Wat doen julle wanneer julle speel?



My naam is:




Omkring die prentjie wat dieselfde as die prentjie in die eerste raampie is.












Trek die vorms na en kleur hulle soos die klein vormpies in.







**Ons doen** Doen wat hierdie kinders doen.

sit





spring

spring tou



hardloop



huppel



dans



rol



loop



5.3

Ons skryf

Kleur hierdie prent in. Gebruik dieselfde kleure as die kleure in die klein prentjie.







5.4

Ons doen

Trek die lyne na om hulle gunstelingklere te kry. Kleur dan die ballonne in wat daarby pas.





My naam is:




**Ons praat**

Wat doen jy graag in die somer?
Wat trek jy aan wanneer dit warm is?

Plak die plakkertjies op die regte plekke. Kleur 3 appels, 3 bye, 3 tamaties en die son in.

# Dit is somer



## 5.6

**Ons skryf** Omkring die prentjies wat wys wat jy graag in die somer doen.



Skryf jou naam en klap die ritme daarvan.

My naam is:

Onderwyser: Teken ________ Datum ________

## 5.7



Ons doen




Kyk na die prentjies en gesels oor hoe die weer in elke prentjie verskil. Sê wat die kinders doen en watter klere hulle aanhet.

Plak die plakkertjies op die regte plekke.

warm





| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
|  |  |  |

**5.8**



Ons doen


Omkring die klere wat jy in warm weer dra met rooi, en omkring die klere wat jy in koue weer dra met blou.

koud














Onderwyser: Teken ____________ Datum ____________


# Uitknipsels





**Vingerpoppies:**
Kies 1 dier en skryf die eerste letter van jou naam op sy T-hemp. Skryf dan die eerste letters van 4 van jou maats se name op die ander diere se T-hemde.



**Getallelegkaarte:**
Knip al die kaarte op die stippellyne uit.
Sit die prentjies dan by die regte getalle, of by die regte aantal kolletjies.
Gebruik die vorms om jou te help.



**Geheuespeletjie:**
Knip die kaarte op die swart stippellyne uit. Skommel die kaarte en pak hulle met hul gesigte na onder op die tafel uit.
Draai nou twee kaarte op 'n slag om. As hulle by mekaar pas, kan jy hulle eenkant sit. Kyk wie eerste al die kaarte wegpak.
Gebruik jou geheuekaarte en speel "Snap" met jou maat.



**Diere van toiletrolle:**
Kry 'n paar leë toiletrolle.
Knip die reghoeke uit en plak hulle dan op die toiletrolle.
Knip nou die koppe uit en plak hulle aan die bokant van die toiletrolle vas. Gebruik die diereplakkertjies en plak die gesigte aan die koppe vas. Plak die bene en stert van elke dier aan die toiletrolle vas.
Jy kan ook jou eie diere teken.







Maak boekies.
Vou op die stippellyne en knip op die soliede lyne.

## Getalle



een




twee



drie

## Troeteldiere






hond




kat



vis

4



vier

5



vyf

6



ses

7



sewe



akkedis



voël



hamster



haas

# MY UITKNIPSELS





**Ons doen**

Knip die bladsy op die stippellyn uit en plak dit dan op die buite-omslag vas om 'n sakkie te maak. Hou jou uitknipsels daarin sodat dit nie wegraak nie.

PLAK HIER VAS
PLAK HIER VAS
PLAK HIER VAS
PLAK HIER VAS